NG GEMEENTE KATHU

AANKONDIGINGS 14 April 2019

Ek en jy, as gestuurde gemeente, dien die Here
met vreugde deur by mekaar en by ander betrokke te wees.

☎ **053 723 1071** **skriba@ngkathu.co.za** **www.ngkathu.co.za**

Oggenddiens 09:30

Leraar: Ds Heinrich Viljoen

Teks: Eseg 11:17-21, 18:31-32, Eseg 36:21-27

Tema: Ons bely ons harde harte en gee dit weg!

Aanddiens 18:30 – Jeugdiens

Leraar: Ds Heinrich Viljoen

Teks: Eseg 11:17-21, 18:31-32, Eseg 36:21-27

Tema: Moenie jou jeughart toesluit nie!

Woordverkondiging in die ander gemeentes:

Olifantshoek: Ds André de Villiers
Deben: Ds Schalk van Schalkwyk

Belangrike datums vir die week en maand

GEEN PAASSANGDIENS vir hierdie jaar

14 Jeug: Toring met poedingbestanddele	09:30
18 **Paasnagmaal**	18:30
21 **Paasdiens**	09:30
21 GEEN AANDDIENS	
27 Vleiswerk by kerksaal	08:00
30 Sentrale Kerkraad	18:00

1 Mei: HERFSFEES!

Gekoppelde leraars in Deben en Olifantshoek

Maandae:
Ds Schalk van Schalkwyk is 13:00-21:00 in Deben.

Dinsdae: Ds Schalk van Schalkwyk is 08:00-13:00 in Deben.

Ds André de Villiers is voldag in Olifantshoek.

Welkom aan die nuwe lidmate

Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente en betrokke sal raak by ons aktiwiteite. Tydens die erediens sal jy ’n pakkie ontvang met ’n vorm vir nuwe lidmate, wat jy asseblief vir ons moet voltooi. As jy enige vrae oor die gemeente het, is jy welkom om te vra!

Kom drink gerus ’n koppie koffie of tee by ons selfbedien-stasie

Soggens drink ons koffie/tee NÁ die diens en saans drink ons koffie/tee VÓÓR die diens.
*Aanddiens: Ons vra dat lidmate asb by die teetafels koffie drink en nie in die banke nie.

Baie dankie vir die pragtige blomme in die erediens.

Gebedslys

Ons bid:

- Vir Elmarie Visser wat gediagnoseer is met kanker.
- Vir Carine Kasselman wat in die hospitaal is.
- Vir Liam Kruger wat deur ’n hond gebyt is.
- Vir Kleintjie Bezuidenhout wat ’n oogoperasie gehad het.
- Vir almal in ons dorp wat werkloos is. Ons dink aan gesinne wat deur ’n moeilike tyd gaan.
- Vir huwelike wat deur moeilike tye gaan, dat hulle God sal vertrou vir uitkoms.
- Vir Dawid en Susan van der Berg wat tans op hul uitreik is. Kom ons bly biddend vir hulle.
- Vir die verkiesing dat dit in vrede gedoen sal word en dat almal respek vir mekaar sal hê. Ons bid dat mense Jesus se liefde sal uitstraal in die verkiesingstyd.
- Vir die Herfsfees wat om die draai is.

Dankie aan almal wat gebid het tydens die 24/7-gebedsweek. Dit was ’n wonderlike ervaring om tyd saam met die Here te spandeer. Kom ons bly biddend vir ons land.

Caritas Tankwa Camino

Die Jannie Roux Kinderhuis (Barkly-Wes) stel hierdie jaar vir hulself ’n mikpunt van R250 000 wat hulle wil insamel vir noodsaaklike instandhoudingswerk aan hul geboue. Om dié mikpunt te bereik gaan twee van Caritas se personeellede Judith en Esté saam met skrywer Dana Snyman die Tankwa Camino (die langste grondpad in Suid-Afrika wat twee dorpe verbind, tussen Ceres en Calvinia) aandurf vanaf 23 Augustus tot 1 September. Caritas nooi enigiemand om betrokke te raak. Enige bedrae is welkom, maar individue kan ook skenkings van R260 maak (wat R1 per kilometer borg). As jy graag ’n skening wil maak, Caritas Gemeenskapsfokus, FNB, rekeningnommer: 624 754 78197, verwysing: **WALK**.

Afhanklik van drank, dwelms, of iets dergeliks?

Die CAD (ondersteuningsgroep vir middelafhanklikes en hul gesinne) vergader Woensdae 18:30 by **Kristalstraat 9**. Enigiemand is welkom. Vir navrae, kontak Henriëtte Husselman 072 239 2361.

NG Kerk Deben steakete

Vrydag 26 April om 18:30. R120 per volwassene, R60 per kind (7-13 jaar). 250 g rump, 100 g wors, pap en sous en slaai. Vir besprekings, kontak Tina 083 284 0880 of Bets 082 379 6531. Bring asb jou eie drinkgoed.

Kuruman-Oog se markdag

NG Kerk Kuruman-Oog hou Saterdag 4 Mei 2019 hul markdag. Daar is ’n “fun run” en “fun ride. Vir meer inligting, kontak 053 712 of ngoog@telkomsa.net

Toer: Klein Karoo en Overberg in walvistyd aangebied deur Savanna Toere

Die Goue Gerwe toer vanaf **4-11 Oktober 2019** en jy kan saamgaan! ’n Pragtige 8-dag toer deur die wonderlike natuurskoon van die Klein Karoo en Suid-Kaap, met die opwinding van reuse walvisse in Hermanus. Koste: R9 300 per persoon. **Dag 1:** Vertrek vanaf Kathu via Bloemfontein na Beaufort-Wes. **Dag 2:** Oudtshoorn. **Dag 3:** Roete 62, Calitzdorp, Ladismith en Swellendam. **Dag 4:** Montagu, Langeberge, Bonnievale, Stormsvlei, Stanford en Hermanus. **Dag 5:** Hermanus. **Dag 6:** Kaap Agulhas, Bredasdorp, Swellendam, Mosselbaai, George en Wildernis. Dag 7: George, Outeniekwapas, Graaff Reinet en Colesberg. Dag 8: Terug na Kathu. Ingesluit: Luukse busvervoer, goeie gehalte en suite-akkommodasie, 2 etes per dag, toepaslike toegangsfooie, portierfooitjies, kundige toerleier. **Uitgesluit:** Etes nie gespesifiseer, opsionele aktwiteite, eie uitgawes, verversings en drankies. Vir meer inligting, kontak Poppie Landman by 084 326 1168.

Broodtags asseblief

Johanna Verwey se ma samel die plastiek broodtags in. Bring dit asb vir ons kerkkantoor toe as jy van dit versamel.

Toebroodjiesmeerders gesoek asb

Die Hoërskool se toebroodjieprojek is asb op soek na nog toebroodjiesmeerders sodat ’n mens twee-twee in spanne en op ’n aflosbasis kan werk. Kontak asb vir Mari Louw by 083 500 3665 as jy kan help.

Vroue-retreat by Gamagara Lodge

Daar word die naweek van 10-12 Mei ’n vroue-retreat by Gamagara Lodge aangebied. Koste is 1 975 (wat 2 nagte se verblyf insluit) of R1 250 as jy nie wil oorslaap nie. Vir meer inligting en bespreking, stuur e-pos voor 20 April aan: irenebosch51@gmail.com.

Cimarron Motorfietsklub – Bergenrusinsameling

Cimarron Motorfietsklub hou hierdie jaar hul 9de fondsinsameling op 1 Junie in Olifantshoek. Die ouetehuis ontvang geen subsidie van die staat nie en daarom het ons die projek begin. Hiermee vra ons dan asb die dorp en gemeenskap om ons te help met bydraes hetsy kontant of nie-bederfbare voedsel. Op 1 Junie word alles dan oorhandig met ’n lekker kuier saam met die senior burgers. Vir enige navrae, kontak vir Tertia Greyvenstein by 082 750 2765 of e-pos greyvenstein.whitey1@gmail.com

Herfsfees 2019

Ontbytkaartjies teen slegs **R30 per persoon** is vanaf vandag beskikbaar. Ons het vandag slegs die kaartmasjien, maar kaartjies is ook by die kerkkantoor beskikbaar. Die ontbyt bestaan uit ’n boereworsie, ’n roereiergereg met baked beans, tamatie en uie asook ’n ontbytbun en filterkoffie. Slegs 100 kaartjies beskikbaar.

Vleiswerk Saterdag 27 April

Ons het asb BAIE hande nodig om op Saterdag 27 April te help met die verwerking van die fees se vleis. Bring asb skerp messe, houtborde en ’n voorskoot saam.

Vir **privaat stalletjies** (geen kos) teen R100 elk, kontak vir Olive Gerber by 082 772 6900.

Ouma se spens: Ons benodig asb ingemaakte produkte (konfyt, vrugte, slaai ens) vir die stalletjie. Bevrore produkte soos pasteie ens is ook baie welkom. Ons het nie nou al die produkte self nodig nie, maar kontak asb solank die kerkkantoor by 053 723 1071 as jy iets wil skenk.

Bring asb **mandjies** en **inkopiesakke** saam fees toe!

Kindertafel en kindervermaak

Die kinders se aktiwiteite en lekkergoed is een van die hoogtepunte van die fees. Behalwe vir al die lekkernye, is daar ook vissievang, springkasteel, ponieritte en treintjieritte. Maak seker jy bring jou kinders vir heerlike vermaak.

BAIE DANKIE aan elkeen wat reeds ’n bydrae tot die fees gemaak het. Dankie aan elkeen wat bestanddele en kontant skenk, elke bydrae is kosbaar en word waardeer.

Hondekompetisie

Bring jou vierpotige vriende vir ’n baie opwindende kompetisie by die Herfsfees! Vir inskrywings en meer inligting, kontak Rana by 072 546 0875.

Mej. Herfsfees

E-Models bied op Woensdag 1 Mei ’n Mej. Herfsfees aan. Inskrywingsfooi is R100. Inskrywingsvorms is by die Missi-winkel by Heritage Square Mall beskikbaar. Ouderdomsgroepe 4-6 jaar, 7-9 jaar, 10-13 jaar en 14-18 jaar. Vir meer inligting, kontak Marizanne 083 578 9904.

Vul asb jou naam in op die skoflyste as jy by van die stalletjies kan help.

Verjaardae vir die week

Sondag 14 April

Adolf	Van Tonder
Jacques	Pietersen
Daleen	Groenewald
Ezanné	Fourie
Jeanette	Breytenbach
GW	Kotze

Maandag 15 April

Jo-Zaan	Botha
Ané	Brits
Nicolaas George	Espach
Zilieke	Nel

Dinsdag 16 April

Corrie	Huysamen
Lettie	Van Tonder
Danie	Groenewald
Louise	Nel
Gihan	Wiid
Dirk (Jnr)	Coetzee
Johannes	Van Niekerk
Dylan	Roux
Jana	Cloete

Woensdag 17 April

Schalkie	Faber
Gerhard	Van Blerk
Hanneli	Meyer
Phillip	Kühn
Francois	Kruger

Donderdag 18 April

Johnny	Markram
Landie	Steyn
Gerhard	Mostert
Jean	Thompson
Henrie	Botha
Sanguine	Whitehead
Lea-lee	Kotze
Jan-Jac	Fourie

Vrydag 19 April

Sonja	De Beer
Cindy	Kleyn
Ida	Human
Marlize	Laubscher
Leza-Mari	Fouché
Aphrodite	Anagnostopoulos
Mynhardt	Heymans
Lynné	Van Wyk
Paighton	Verwey

Saterdag 20 April

Toy'S	Kotze
Riaan	Coetzee
Louise	Van Coppenhagen
Hanru	Reyneke
Ankia	Van der Walt
Tanya	Van Rensburg
Demileigh	Swanepoel

Lekker verjaar!

BELANGRIKE INLIGTING

Kerkkantoor

☎ 053 723 1071

💻 skriba@ngkathu.co.za / kassier@ngkathu.co.za

Kantoorure:

Maandag tot Vrydag: 08:00-13:00

Bankbesonderhede:

vind ons op facebook

Vir Dankoffers:

NG Gemeente Kathu

ABSA Tjekrekening Kathu

Rek 1990 590 024

Vir die BOUFONDS:

NG Gemeente no 2

ABSA Kathu

Rek 1990 146 086

LERAARS

Ds André de Villiers – Blok A

Missionale Bediening, Kommunikasie en Finansies

☎ 084 679 3274

💻 andre@ngkathu.co.za

Ds Heinrich Viljoen – Blok B

Jeugbediening en Kleingroepe

☎ 082 352 6611

💻 heinrich@ngkathu.co.za

Ds Schalk van Schalkwyk – Blok C

Blokbediening, Barmhartigheid, Nuwe lidmate en Eiendom

☎ 084 673 1075

💻 schalk@ngkathu.co.za